# Les 9 DIE HERE IS ONS GENADIG: HY LY VIR ONS IN ONS PLEK

## 1. Die Here het vir ons gely

Vandag begin ons kyk na iets nuuts en anders wat die Here vir ons gedoen het. Die Here het vir ons sondes gely. Kyk hoe sê die Here dit self vir Sy dissipels:

*"[45]Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. [46]Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47]en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word,..'."*

Ons word vergewe omdat die Here vir ons sondes gely het.

## 2. Die Here se lyding is om gevang te word

Wat beteken dit dat die Here gely het?

Kyk hoe wys die Bybel vir ons in Johannes hoe die Here ly*:*

*" [28]Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie maar die paasmaaltyd sou kon eet. [29]Pilatus het buite na hulle toe uitgegaan en gevra: "Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?"[30]Hulle het hom geantwoord: "As hy nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie."*

Die Jode het vir Jesus laat vang. Nadat hulle hom gevang het, vat hulle Jesus na die goewerneur van die land. Hierdie goewerneur se naam was Pilatus. Kyk wat vra die goewerneur vir hierdie mense wat Jesus gevang het: "Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?"

Wie mag vandag in ons land mense vang en toesluit? Dit is net die polisie. Die polisie vang mense wat ander mense se goed vat en ander mense seermaak. Hierdie is nie sommer maar net vang soos wanneer julle rugby speel en mekaar vang nie. Hierdie is 'n baie ander manier van vang. Dit is om iemand te vang omdat hy ander mense se goed steel of ander mense seermaak.

Wat noem 'n mens iemand wat ander mense se goed vat en ander mense seermaak? Ons noem sulke mense "misdadigers". Kyk wat sê die Jode hoekom het hulle Jesus gevang! *"[30]Hulle het hom geantwoord: "As hy nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie."* Die Jode mag mense gevang het wat misdadigers was. Dit is hoekom hulle Jesus gevang het. Hulle was die polisie wat mense wat misdadigers is, vang. Hulle vang Jesus omdat hulle glo Hy is 'n misdadiger.

Jesus ly, beteken Jesus word as ’n misdadiger gevang deur die polisie.

**2. Die Here se lyding is om in die hof aangekla te word**

Pilatus vra vir die Jode: ”Watter aanklag bring julle teen hierdie man in”? Hierdie manier van vra is nie sommer net om te vra: “Wat maak julle nou?” nie. Hierdie is ’n baie spesifieke vraag wat net een mens mag vra.

Wie mag vandag vir die polisie wat iemand gevang het, vra: “Watter aanklag bring julle teen hierdie man in”? Dit is net die regter binne-in die hof wat dit mag vra. Dit wys vir ons wie Pilatus is. Dit wys vir ons wat Pilatus doen. Pilatus is die groot regter binne-in Jerusalem. Pilatus is die regter wat luister hoe misdadigers aangekla word en dan besluit of hulle skuldig of onskuldig is.

Hoe ly die Here?

Die manier waarop die Here ly, is om as ’n misdadiger binne-in ’n hof, voor die hele wêreld, aangekla te word waar almal kan sien en weet Hy is gevang en Hy word as ’n misdadiger aangekla.

**3. Jesus se lyding is om ondervra te word en om Homself te moet verdedig**

Wat doen regters met mense wat voor hulle in die hof staan? Julle sal dit baie op TV sien met al die programme oor polisie en misdadigers. Die aangeklaagde word aanhoudend allerhande vrae gevra waarmee die regter toets of die aanklag waar is. En wat moet die aangeklaagde dan doen? Hy moet al die vrae só antwoord dat hy sy eie onskuldigheid kan bewys.

Dit is hoe Jesus ly. Die regter vra vrae om te toets of Hy skuldig of onskuldig is, en dan moet Hy Homself verdedig om te bewys hy is onskuldig. *“[33]Pilatus het toe weer in sy ampswoning ingegaan en Jesus geroep en vir Hom gevra: “Is jý die koning van die Jode?” [34]Jesus het hom toe gevra: “Vra u dit uit u eie, of het ander dit vir u van My gesê?”*

**4. Jesus se lyding is om onskuldig veroordeel te word**

Wat dink julle het die regter besluit? Is Jesus ’n misdadiger of is Jesus nie ’n misdadiger nie? Kyk wat het die regter besluit: *“[4]Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: “Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie.”[5]Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: “Dit is die mens!”* (Johannes 19).

Wat besluit die regter?

Pontius Pilatus, die regter, besluit: *"Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie."* Het hy besluit Jesus is 'n misdadiger of het hy besluit Jesus is heeltemal onskuldig op die aanklag dat Hy 'n misdadiger is? Die regter het besluit Jesus is nie 'n misdadiger soos wat die mense Hom aangekla het nie.

Maar kyk nou wat doen hierdie regter!

Nadat hy Jesus onskuldig verklaar het in die hof, doen hy iets verskrikliks: *"[15]Maar hulle skreeu: "Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!" Toe vra Pilatus vir hulle: "Moet ek julle koning kruisig?" Die priesterhoofde antwoord: "Ons het nie 'n koning nie; ons het net die keiser." [16]Toe het hy Hom op hulle versoek oorgelewer om gekruisig te word, en hulle het Jesus weggeneem."*

Die Jode was baie kwaad omdat die regter, Pontius Pilatus, die Here onskuldig bevind het op hulle klagte dat Hy 'n misdadiger was. Hulle begin toe in die hof skreeu en tekere gaan. En nog erger. Hulle begin die regter dreig dat hulle hom by die keiser gaan aankla. Hulle gaan vir die keiser vertel dat die regter vriende is met mense wat hom wil doodmaak en in sy plek die keiser wil word. *"[12]Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het geskreeu: "As u hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoen, is in verset teen die keiser."*

Dit is sommer 'n liegstorie. Maar die regter is bang dat die keiser hierdie liegstorie sal glo en dan verloor hy dalk sy werk deur hierdie mense wat so kwaad tekere gaan, se liegstorie. Daarom veroordeel die regter Jesus onskuldig.

Wat beteken dit om veroordeel te word? Dit beteken dat die mense met Jesus kan doen wat mense met misdadigers doen – hulle kan Jesus as misdadiger kruisig.

"Veroordeel" beteken dat jy gevonnis word deur die regter dat jy 'n misdadiger is en dat jy die ~~sraf~~straf van 'n misdadiger moet kry. Dit is wat "kruisiging" beteken: om as misdadiger gestraf te word.

Jesus ly deur onskuldig as 'n misdadiger veroordeel te word.

**5. Samevatting**

Jesus het vir Sy dissipels gesê dat Hy vir hulle sondes gely het.

"Jesus ly" beteken:

Les 9 Die Here is ons genadig: Hy ly vir ons in ons plek.

1. Jesus se lyding is om deur die Joodse polisie gevang te word.
2. Jesus se lyding is om in die hof aangekla te word.
3. Jesus se lyding is om ondervra te word en om homself te moet verdedig.
4. Jesus se lyding is om onskuldig veroordeel te word.

Volgende keer gaan ons kyk hoekom hierdie hofsaak so verkeerd geloop het.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

__________________________________Handtekening: ouer of voog